**JANUS ROUX - PROFIEL**

Ek, Janus Roux, is getroud met Alet (nooi Bosman) en ons het 3 seuns (Jacques, Daniel en Stefan) en ‘n dogter (Mari-Louise) wat almal reeds getroud is, 2 (skoon-) dogters, Katrien en Yolandé en 2 kleinkinders, Kylin en James.

Die Here Jesus Christus het my geroep vir die bediening – saam met Alet, en dis ‘n getuienis op sigself – op 'n gevorderde stadium in my lewe, en daarom is my bediening baie praktyk gerig, juis om God se liefde [Johannes 3:16]; die verlossing in Jesus Christus [Johannes 14:6] en die Leierskap van die Heilige Gees [1 Johannes 2:27] oor alle grense heen aan alle mense op 'n praktiese en verstaanbare manier te (*probeer*) verkondig. Ek glo dat die krag van God lewens transformeer [Romeine 12:1-2]!! Daarom is dit vir my ‘n voorreg en ‘n wonderlike geleentheid om by Lewensverryking Seminare betrokke te wees!

My roeping berus op die Woord van God as volg: *Wat my (Janus) betref, .... toe ek na julle toe gekom het om die geheimnisvolle waarheid van God aan julle te verkondig, het ek nie met hoë woorde of groot geleerdheid gekom nie. [2]Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde. [3]Bewus van my swakheid, en met groot angs en huiwering, het ek na julle toe gekom. [4]Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees. [5]Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God.* ***(1 Korintiërs 2:1-5)***

Ek is by uitstek ‘n spanspeler en ek het ‘n lewendige belangstelling in die kuns van kommunikasie en beskou dit as ‘n baie belangrike deel in die uitdra van die evangelie aan alle mense oor alle grense. Ek beskou myself as ‘n uiters informele kommunikeerder wat daartoe kan bydra om die Goeie Nuus Boodskap by enige mens uit te kry.

Ek glo dat die kerk van die Here Jesus Christus - met groter eensgesindheid, binne ons verskeidenheid - ons werk op aarde moet verrig. “As julle My liefhet” (sê Jesus), “sal die wêreld weet dat julle My dissipels is... “

**My Skrifbeskouing**: Ek beskou die Bybel as die onfeilbare Woord van God waaraan ek my met vreugde onderwerp. “Sy Woord is ‘n lamp vir my voet en ‘n lig op my pad...”
***(Ps 119:105)***